Die Ekumeniese Geloofsbelydenisse

Die Apostoliese Geloofsbelydenis

Artikel 1: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;

Artikel 2: en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

Artikel 3: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;

Artikel 4: wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;

Artikel 5: wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;

Artikel 6: opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

Artikel 7: vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Artikel 8: Ek glo in die Heilige Gees;

Artikel 9: ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

Artikel 10: die vergewing van sondes;

Artikel 11: die opstanding van die liggaam

Artikel 12: en ’n ewige lewe.

Die Geloofsbelydenis van Nicea

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge; en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy gekruisig; Hy het gely en is begrawe. Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar. Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek. Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Ons bely een doop tot vergifnis van sondes. Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling. Amen.

Die Geloofsbelydenis van Athanasius

Artikel 1: Vir elkeen wat salig wil word, is dit in die eerste plek nodig dat hy die algemene geloof moet vashou.

Artikel 2: As iemand dit nie heeltemaal en ongeskonde bewaar nie, sal hy sonder twyfel ewig verlore gaan.

Artikel 3: Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer,

Artikel 4: sonder om die persone te vermeng of die wese te deel.

Artikel 5: Want die persoon van die Vader is ’n ander, die van die Seun is ’n ander, die van die Heilige Gees is ’n ander.

Artikel 6: Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid.

Artikel 7: Soos die Vader is, so is ook die Seun en ook die Heilige Gees.

Artikel 8: Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape;

Artikel 9: onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees;

Artikel 10: Die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig.

Artikel 11: Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige.

Artikel 12: net soos daar ook nie drie ongeskapenes of drie onmeetlikes is nie maar een Ongeskapene en een Onmeetlike.

Artikel 13: Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, die Heilige Gees almagtig;

Artikel 14: en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige.

Artikel 15: So ook is die Vader God, die Seun God, die Heilige Gees God;

Artikel 16: en tog is daar nie drie gode nie maar een God.

Artikel 17: Net so is die Vader Here, die Seun Here, die Heilige Gees Here;

Artikel 18: en tog is daar nie drie heres nie maar een Here.

Artikel 19: Want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem,

Artikel 20: word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely.

Artikel 21: Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegenereer nie;

Artikel 22: die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie maar gegenereer.

Artikel 23: Die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegenereer nie maar gaan van Hulle uit.

Artikel 24: So is daar dan een Vader, nie drie vaders nie; een Seun, nie drie seuns nie; een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie.

Artikel 25: En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie,

Artikel 26: maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk,

Artikel 27: sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word.

Artikel 28: Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.

Artikel 29: Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy ook getrou aan die menswording van ons Here Jesus Christus moet glo.

Artikel 30: So is die regte geloof dan: Ons glo en bely dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, tegelyk God en mens is.

Artikel 31: Hy is God uit die Wese van die Vader, voor alle tye gegenereer, en mens uit die wese van sy moeder, in die tyd gebore;

Artikel 32: volkome God, volkome mens met ’n redelike siel en menslike vlees.

Artikel 33: na die Godheid aan die Vader gelyk, na die mensheid minder as die Vader.

Artikel 34: En alhoewel Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus.

Artikel 35: Hy is een, nie deur verandering van die Godheid in die vlees nie maar deur die aanneming van die mensheid in God.

Artikel 36: Hy is in alle opsigte een, nie deur vermenging van die wese nie maar deur eenheid van die Persoon.

Artikel 37: Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus,

Artikel 38: wat ter wille van ons saligheid gely het, na die hel neergedaal het, op die derde dag uit die dood opgestaan het,

Artikel 39: na die hemel opgevaar het en aan die regterhand van God, die almagtige Vader sit.

Artikel 40: Daarvandaan sal Hy kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Artikel 41: By sy koms sal alle mense, met hulle liggame, opstaan

Artikel 42: en van hulle eie werke rekenskap gee.

Artikel 43: En die wat goed gedoen het, sal in die ewige lewe ingaan, maar die wat sonde gedoen het, in die ewige vuur.

Artikel 44: Dit is die algemene geloof; en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie.

Denominational confessions (Electronic ed.). Logos Information Systems.